Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Erna Veldman**
Hoofdirektoraat: Finansiële Bestuur
Erna.Veldman@westerncape.gov.za | 021 467 2544

Lêerno.: 4/R
Verwysing: 20230303-2120

Omsendbrief: 0014/2023
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Kringbestuurders en Amptenare by Hoofkantoor en distrikskantore

Kort opsomming: *Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) se raamwerk vir betalings aan skole en ander staatsinstellings*

**Onderwerp: Die WKOD se raamwerk vir betalings aan skole en ander staatsinstellings**

1. Hierdie omsendbrief is aanvullend tot Omsendbrief 0021/2022 van 05 Mei 2022.

2. Daar word van die WKOD vereis om te verseker dat alle uitgawes noodsaaklik, tersaaklik en kostedoeltreffend is, en dat dit opgeteken word en daaroor verslag gedoen word, soos voorgeskryf deur die betrokke wetgewende raamwerk.

3. Die volgende proses is deur die WKOD aanvaar en is van toepassing ten opsigte van oordragbetalings aan skole:

3.1 Die WKOD het die volgende prosedures vir oordragbetalings aan skole vir die implementering van projekte op skoolvlak goedgekeur met inagneming van die bevoegdhede wat ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996) (hierna die Wet genoem) aan skole toegeken is:

3.1.1 waar die WKOD wil bydra tot voortgesette werksaamhede van die skool, en spesifiek 'n projek wil ondersteun in ooreenstemming met die WKOD se algemene verpligtinge asook die verpligtinge wat in artikel 34 van die Wet uiteengesit word;

3.1.2 waar addisionele funksies aan die skool toegeken is ingevolge artikel 21 van die Wet, wat instandhouding en verbetering van die skool se eiendom insluit, die bepaling van die buitemuurse kurrikulum van die skool, hul opsies vir vakkeuses, aankope van handboeke/opvoedkundige materiaal/toerusting, betaling vir dienste aan die skool, wat

gelde insluit vir werksessies en enige ander tersaaklike funksies wat ooreenstem met dié wat in die Wet gelys word; en

3.1.3 waar die WKOD 'n ooreenkoms met die skool aangegaan het ingevolge waarvan die WKOD 'n bydrae tot die projek sal maak deur fondse na die geregistreerde rekening van die skool oor te dra vir hierdie projek.

3.2 Skoolgebaseerde projekte wat goedgekeur word, is bedoel vir, maar is nie beperk nie, tot bydraes tot die voortgesette werksaamhede van die skool, leerderondersteuning en tutoraktiwiteite (wat eksamens insluit), kurrikulumintervensies, opvoedkundige materiaal, meubels en toerusting vir die skool, asook projekte om die skool se eiendom in stand te hou of te verbeter.

3.3 Alle projekte by skole waarvoor oordragbetalings goedgekeur is, maak nie deel uit van enige departementele lewerbare goedere en dienste soos uiteengesit in die departementele prestasieplan nie.

3.4 Alle oordragbetalings wat vir skole goedgekeur word, moet streng geassesseer word aan die hand van die sakeplan wat deur die skool opgestel moet word. Hierdie sakeplan moet uiteensit watter fondse die skool benodig om die projek uit te voer.

3.5 Enige beheerliggaam van 'n skool moet, saam met die sakeplan, skriftelik by die Hoof van Onderwys aansoek doen dat die tersaaklike funksie aan die beheerliggaam toegewys word, ingevolge artikel 21 van die Wet, indien sodanige funksie nog nie aan die beheerliggaam toegewys is nie. Sodanige goedkeuring, indien toegestaan, sal beperk word tot die lewerbare goedere en dienste van die projek, soos uiteengesit in die sakeplan.

3.6 'n Oordragbetalingsooreenkoms word vereis vir oordragbetalings vir bogenoemde doel, wat die inhoud van die aangehegte konsep vir 'n oordragbetalingsooreenkoms (as **Bylae A** aangeheg) moet insluit. Hierdie oordragbetalingsooreenkoms moet voor die aanvang van die spesifieke skoolprojek aangegaan en deur albei partye onderteken word. Die amptenaar wat die ooreenkoms namens die WKOD onderteken, moet ten minste die rang van direkteur beklee.

4. Die volgende prosedures is van toepassing op alle amptelike byeenkomste wat vir Hoofkantoor en distrikskantore gereël word:

4.1 WKOD-skole of enige ander staatsinstelling mag slegs gebruik word om 'n amptelike byeenkoms van die WKOD aan te bied, indien sodanige fasiliteit gratis beskikbaar gestel word.

4.2 Indien geen geskikte gratis fasiliteite egter by WKOD-skole en/of ander staatsdepartemente of munisipaliteite beskikbaar is nie, geld die normale verkrygingsprosedures wanneer 'n fasiliteit gevind en spyseniering gereël moet word.

4.3 Enige sodanige goedere en dienste wat benodig word, mag slegs verkry word in ooreenstemming met die vereistes van die regulasies van verskaffingskettingbestuur, wat die volgende bepaal:

a) Die goedere en dienste wat verlang word, moet in die vrye mark geadverteer word.
b) Die diensverskaffer moet op die sentrale verskafferdatabasis geregistreer wees.
c) 'n Minimum van drie kwotasies moet ingewin word.

4.4 Sodanige goedere en dienste mag van WKOD-skole en/of ander staatsdepartemente of munisipaliteite verkry word indien hierdie instellings op die sentrale verskafferdatabasis geregistreer is. Die sentrale verskafferdatabasis bevat die poel verskaffers en diensverskaffers van wie gebruik gemaak moet word vir die verkryging van alle goedere en dienste. Hierdie instellings moet kies om deel te neem aan die vrye, mededingende verkrygingsproses van die regering.

4.5 Alle amptelike byeenkomste en verwante dienste wat vir Hoofkantoor en distrikskantore gereël word, word as verkryging van goedere en dienste opgeteken, en nie as oordragbetalings nie, aangesien die fondse nie beskou word as dat dit aangewend is vir die verbetering van die skool (of ander staatsinstelling) se werksaamhede nie. Dit word as die lewering van dienste aan die WKOD beskou.

4.6 Die WKOD moet voldoen aan die bepalings van hierdie omsendbrief, die nasionale tesourie se regulasies en instruksies, die provinsiale tesourie se instruksies, die rekenpligtige beampte se stelsel, verskaffingskettingsbestuur en die finansiële oordrag van bevoegdhede rakende die verkrygingsprosesse en betalings om enige moontlike onreëlmatige, ongemagtigde en nuttelose en/of verkwistende uitgawes te vermy.

5. Die volgende algemene erkenningskriteria sal toegepas word vir die doel van die voorgestelde WKOD-raamwerk vir betalings aan skole en/of ander staatsinstellings:

| No. | Erkenningskriteria | Voorbeeld van aanduiders | Erkenning |
|---|---|---|---|
| 1 | Word die fondse aan die entiteit oorgedra om die entiteit se eie werksaamhede, in ooreenstemming met die entiteit se mandaat, te befonds? | Fondse word aan openbare entiteite oorgedra om hul werksaamhede volgens hul mandaat uit te voer. Hierdie fondse word deur middel van die begrotingsproses aan openbare entiteite oorgedra. | Oordragbetalings |
| 2 | Vind 'n nieruiltransaksie plaas? (D.w.s. iets word verskaf, maar niks van waarde of met slegs geringe waarde word in ruil verskaf.) | Wanneer 'n staatsinstelling nie regstreeks iets van soortgelyke waarde ontvang in ruil vir die oordragbetaling aan die ander party nie, beteken dit dat die betaling nie beloon word nie. Die departement ontvang geen voordeel in ruil vir hierdie oordragbetaling nie. | Oordragbetalings |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3 | Is die departement die eienaar/borg van die projek? | Indien die departement verantwoordelik is vir 'n projek en 'n ander entiteit versoek om die aktiwiteite wat met die projek verband hou, namens die departement te verrig, dui dit aan dat goedere en dienste gelewer is en dat die fondse nie verskaf is vir die bevordering van die entiteit se werksaamhede nie. | Goedere en Dienste |

5.1 Alle uitgawes wat aan die erkenningskriteria van 'n oordragbetaling voldoen ingevolge die raamwerk:

5.1.1 sal streng geassesseer word aan die hand van die skool se sakeplan, wat die fondse wat die skool benodig om die projek uit te voer, moet aandui;

5.1.2 mag slegs aangewend word vir 'n skoolprojek en nie verband hou met enige departementele lewerbare goedere en dienste, soos uiteengesit in die departementele prestasieplan nie;

5.1.3 moet in die algemene grootboek en die finansiële state as Oordragte en Subsidies van 'n departement opgeteken word; en

5.1.4 vereis dat 'n wettige oordragbetalingsooreenkoms deur albei partye onderteken moet word, wat ingevolge artikel 38(1)(*j*) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999) 'n skriftelike versekering insluit dat die WKOD-skool of enige ander staatsinstelling effektiewe, doeltreffende en deursigtige finansiële bestuur en interne beheerstelsels sal implementeer voor die verwerking van die betaling.

5.2 Alle uitgawes wat ingevolge die raamwerk as goedere en dienste erken word, moet aan die volgende voldoen:

5.2.1 Goedere en dienste mag slegs verkry word in ooreenstemming met die vereistes van die regulasies van verskaffingskettingbestuur wat die volgende bepaal:

a) Die goedere en dienste wat verlang word, moet in die vrye mark geadverteer word.
b) Die diensverskaffer moet op die sentrale verskafferdatabasis (CSD) geregistreer wees.
c) 'n Minimum van drie kwotasies moet ingewin word.

5.2.2 WKOD-skole of enige ander staatsinstelling mag slegs gebruik word indien:

a) sodanige plek of lokaal gratis beskikbaar gestel word; of
b) die instelling op die sentrale verskaffersdatabasis geregistreer is, wat die poel verskaffers en diensverskaffers bevat wat vir verkryging gebruik mag word, en wat kies om deel te neem aan die vrye, mededingende verkrygingsproses van die regering.

5.2.3 Die projek moet 'n departementele projek wees en moet verband hou met 'n departementele lewerbare produk of diens in ooreenstemming met die departementele prestasieplan.

5.2.4 Die uitgawes moet as lopende uitgawes (Goedere en Dienste) in die algemene grootboek en finansiële state van 'n departement opgeteken word.

6. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokke personeel.

**GETEKEN:** LJ ELY
**WAARNEMENDE HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2023-05-02


wcedonline.westerncape.gov.za
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 819 919 | Veilige Skole: 0800 45 46 47
Wes-Kaapse Onderwysdepartement